

Hier volg die opgedateerde weergawe
van die Mielie Scenario-Ontledings soos
op 7 Oktober 2026



MIELIE SCENARIO- ONTLEDINGS

Tydens Kongres en deur die Mielie-
werkgroep is daar versoek dat scenario-
ontledings op 'n gereelde basis met
produsente gedeel word. Die doel is om
inligting te verskaf wat die volgende vrae
kan beantwoord:



7 Oktober 2026

- Wat is die impak indien slegs hoërpotensiaalgronde aangeplant word?
- Hoe lyk die moontlikhede ten opsigte van termynmarkkontrakte, en watter risiko's hou dit vir produsente in?
- Hoe vergelyk die winsgewendheid van mielies met dié van ander somergraangewasse?
- Wat sal die verwagte impak van die voorspelde droogte wees?
- Wat is die moontlikhede vir markuitbreiding, en hoeveel addisionele vraag word benodig om verligting op mielievoorraadvlakke te bied?

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.



WITMIELIE SCENARIO-ONTLEDINGS HOË-POTENSIAAL LANDE

		Huidige scenario	ha - 29,2% (+1/2 pyplyn)
RSA Produksie	Ton	>9,608 mil	>6,8 mil
Plaas aanplanting	ha	1000	708
Safex Prys	R / Ton	R4 040	R5 526
Produsente Prys	R / Ton	R3 620	R5 106
Totale koste	R / Ton	-R5 118	-R5 118
Kontantvloei benodig		-R27 946 082	-R19 785 826
Net Posisie	R / ton	-R1 498	-R12
Net Posisie	R / ha	-R8 181	-R67
Net Posisie		-R8 180 882	-R47 664

Tabel Bo- Middel kolom: Suid-Afrika produseer tans meer as 9,6 miljoen ton witmielies teen 'n gemiddelde opbrengs van 5,46 t/ha en 'n plaasheprys van R3 620/ton. Laaste kolom: Die scenario waar aanplantings met 29.2% afneem, gekombineer met 'n verbruik van ongeveer die helfte van die beskikbare pyplyn (afhangend van die stadium van die bemarkingseisoen), dui daarop dat plaaslike voorraad onder druk kan kom en pryse uiteindelik nader aan invoerpariteit kan beweeg.

Die winsgewendheid van hoëpotensiaalgronde teenoor laerpotensiaalgronde verskil beduidend onder normale omstandighede. Indien produsente aanplantings evalueer en slegs hoëpotensiaalgronde plant, kan dit tot 'n afname in aangeplante hektare lei.

Aanname en voorbeeld: Indien Suid-Afrika 29.2% ha minder witmielies aanplant weens slegs aanplanting van hoë potensiaal grond, wat 'n produksie van ongeveer 6.8 miljoen ton oplewer teen 5,46 t/ha (met aanname van moontlike EL-Nino gee Hoë potensiaal lande 'n gemiddelde oes).

Resultaat: Die verwagte plaasheprys styg tot ongeveer R5 106/ton (invoerpariteit). Hierdie scenario ontstaan omdat plaaslike verbruik in die beskikbare pyplyn in beweeg.

Tabel Regs: Indien hoë potensiele aanplantings slegs op individuele vlak geskied en nie landswyd nie, bestaan die risiko dat pryse nie voldoende sal beweeg nie.

Let ook op dat insetfinansiering vir kontantvloei steeds in al die scenario's benodig sal word om produksie te ondersteun.

Risiko		
RSA Produksie	ha	>6,8 mil
Safex Prys	R / Ton	R4 040
Produsente Prys	R / Ton	R3 620
Totale koste	R / Ton	-R5 118
Net Posisie	R / Ton	-R1 498
Net Posisie	R / ha	-R8 181
Net Posisie		-R5 792 064



GEELMIELIE SCENARIO-ONTLEDINGS HOË-POTENSIAAL LANDE

		Huidige scenario	ha - 10,4%(+1/2 pyplyn)
RSA Produksie	Ton	>7,91 mil	≥7,09 Mil
Plaas aanplanting	ha	1000	896
Safex Prys	R / Ton	R4 060	R5 526
Produsente Prys	R / Ton	R3 640	R5 106
Totale koste	R / Ton	-R4 420	-R4 420
Kontantvloei benodig		-R32 572 820,5	-R28 989 810
Net Posisie	R / ton	-R780	R686
Net Posisie	R / ha	-R5 746	R5 058
Net Posisie		-R5 746 021	R4 532 326

Tabel Bo:- Middel kolom: Suid-Afrika produseer tans meer as 7.91 miljoen ton geelmielies teen 'n gemiddelde opbrengs van 7,37 t/ha en 'n plaashekprys van R3 640/ton. Laaste kolom: Die scenario waar aanplantings met 10.4% afneem, gekombineer met 'n verbruik van ongeveer die helfte van die beskikbare pyplyn (afhangend van die stadium van die bemarkingseisoen), dui daarop dat plaaslike voorraad onder druk kan kom en pryse uiteindelik nader aan invoerpariteit kan beweeg.

Die winsgewendheid van hoëpotensiaalgronde teenoor laerpotensiaalgronde verskil beduidend onder normale omstandighede. Indien produsente aanplantings evalueer en slegs hoëpotensiaalgronde plant, kan dit tot 'n afname in aangeplante hektare lei.

Aanname en voorbeeld: Indien Suid-Afrika 10.4% ha minder geelmielies aanplant weens slegs hoë potensiaal lande aangeplant word, wat 'n produksie van ongeveer 7.09 miljoen ton oplewer teen 7,37 t/ha (met aanname van moontlike EL-Nino gee hoë potensiaal lande gemiddeld oes).

Resultaat: Die verwagte plaashekprys styg tot ongeveer R5 106/ton (invoerpariteit). Hierdie scenario ontstaan omdat plaaslike voorraad in die beskikbare pyplyn in beweeg. Suid-Afrika sal gevolglik begin om geelmielies in te voer, wat plaaslike pryse verder in lyn met invoerpariteit kan laat verhandel.

Tabel Regs: Indien hoë potensiële aanplantings slegs op individuele vlak geskied en nie landswyd nie, bestaan die risiko dat pryse nie voldoende sal beweeg nie.

Let ook op dat insetfinansiering vir kontantvloei steeds in al die scenario's benodig sal word om produksie te ondersteun.

Risiko		
RSA Produksie	ha	≥7,09 Mil
Safex Prys	R / Ton	R4 060
Produsente Prys	R / Ton	R3 640
Totale koste	R / Ton	-R4 420
Net Posisie	R / Ton	-R780
Net Posisie	R / ha	-R5 746
Net Posisie		-R5 148 434

SAMEVATTING EN VERGELYKING VAN DIE VORIGE TWEE ONTLEDINGS

Witmielie Scenario-Ontleding

Scenario	Eenheid	1ste Weergawe		4de Weergawe	
		4de NOK	ha-25%(+1/2 pypln verbruik)	8de NOK	ha-29,2%(+1/2 pypln verbruik)
RSA Produksie	Ton	>9,17 Mil	>6,8 Mil	>9,608 Mil	>6,8 Mil
Plaas aanplanting	ha	1000	750	1000	708
Safex Prys	R/Ton	R3 115,00	R4 749,00	R4 040,00	R5 526,00
Produsente Prys	R/Ton	R2 695,00	R4 329,00	R3 620,00	R5 106,00
Totale Koste		-R4 857,00	-R4 857,00	-R5 118,00	-R5 118,00
Kontantvloei benodig		-R26 519 220,00	-R19 889 415,00	-R27 946 082,00	-R19 785 826,00
Net Posisie	R/Ton	-R2 162,00	-R528,00	-R1 498,00	-R12,00
Net Posisie	R/ha	-R11 805,00	-R2 883,00	-R8 181,00	-R67,00
Net Posisie		-R11 804 520,00	-R2 162 160,00	-R8 180 882,00	-R47 664,00

Die grafiek (bo) toon die volgende: Vanaf 23 Junie 2026 tot 7 Oktober 2026 is 'n verhoogde produksieskatting, 'n hoër SAFEX-prys en die invloed van 'n hoër invoerpariteit waargeneem. Hierdie veranderinge het tot gevolg gehad dat 'n wesenlike verskil in die produsent se netto posisie sigbaar geword het indien Suid-Afrika se witmielieproduksie sou afneem. Alhoewel daar steeds 'n verlies in die 4de weergawe voorkom, is hierdie verlies aansienlik kleiner as dié in die 1ste weergawe. Om hierdie scenario te realiseer, sal die totale aangeplante hektare in Suid-Afrika met 29,2% moet afneem, terwyl die helfte (½) van die beskikbare pyplynkapasiteit in gebruik moet wees.

Geelmielie Scenario-Ontleding

Scenario	Eenheid	1ste Weergawe		4de Weergawe	
		4de NOK	ha-10,05%(+1/2 pypln verbruik)	8de NOK	ha-10,4%(+1/2 pypln verbruik)
 RSA Produksie	Ton	>7,8 Mil	>7,09 Mil	>7,91 Mil	>7,09 Mil
 Plaas aanplanting	ha	1000	899,5	1000	896
 Safex Prys	R/Ton	R3 170,00	R4 749,00	R4 060,00	R5 526,00
 Produsente Prys	R/Ton	R2 750,00	R4 329,00	R3 640,00	R5 106,00
 Totale Koste	-	-R3 736,00	-R3 736,00	-R4 420,00	-R4 420,00
 Kontantvloei benodig	-	-R27 532 320,00	-R24 765 322,00	-R32 572 820,50	-R28 989 810,00
 Net Posisie	R/Ton	-R986,00	R593,00	-R780,00	R686,00
 Net Posisie	R/ha	-R7 265,00	R4 732,00	-R5 746,00	R5 058,00
 Net Posisie	-	-R7 264 820,00	R3 932 983,00	-R5 746 021,00	R4 532 326,00

Die grafiek (onder) toon die volgende: Vanaf 23 Junie 2026 tot 7 Oktober 2026 is 'n verhoogde produksieskatting, 'n hoër SAFEX-prys en die invloed van 'n hoër invoerpariteit waargeneem. Hierdie veranderinge het tot gevolg gehad dat 'n wesenlike verskil in die produsent se netto posisie sigbaar geword het indien Suid-Afrika se geelmielieproduksie sou afneem. Alhoewel daar steeds 'n wins in die 4de weergawe voorkom, is hierdie wins aansienlik groter as dié in die 1ste weergawe. Om hierdie scenario te realiseer, sal die totale aangeplante hektare in Suid-Afrika met 10,4% moet afneem, terwyl die helfte (½) van die beskikbare pyplynkapasiteit in gebruik moet wees.



MIELIE SCENARIOS

KOOP TERMYNMARK KONTRAKTE (WITMIELIES VOORBEELD)

		ha - 29,2% (+1/2 pyplyn)	Prys -10% (Huidig)	Prys - 20% (Huidig)
Safex Prys begin	R / Ton	R4 040	R4 040	R4 040
Safex Prys Sluit	R / Ton	R5 526	R3 636	R3 232
Produksie	Ton	≥6,8 Mil	>9,48 Mil	>9,48 Mil
Variasie marge	R / Ton	R1 486	-R404	-R808
Aanvangsmarge	R / Ton	-R420	-R420	-R420
Minimum Kontantvloei benodig (Totaal)		-R1 662 570	-R4 499 040	-R6 704 880
Net Posisie	R / ton	R1 486	-R404	-R808
Net Posisie	1000ha	R5 882 331	-R2 205 840	-R4 411 680

Beskrywing

Aanvangsmarge

- R42 000 per 100 ton kontrak
- R420/ ton

Aanname:

- Die prysbeweging sal nie moontlik wees as daar nie 29.2% minder produksie is nie. Die verlaging in produksie kan afhangend wees van slegs die aanplant van hoë potensiaal lande of die impak van 'n El-Nino.
- Prysbevestigings in scenario's is gekoppel aan produksievlakke, alhoewel baie ander faktore prysbeweging kan beïnvloed.
- Kontantvloei benodig vir aanvangsmarge op 1000ha - R2.293 mil.
- Neem in ag omdat dit 'n spekulatiewe posisie is gaan finansierders dit nie noodwendig finansier nie.
- Die variasie marge (wins/verlies) hang grootliks af van die daaglikse prys beweging en beïnvloed kontantvloei benodighede oor die termyn.



MIELIE SCENARIOS

KOOP TERMYN MARK KONTRAKTE (GEELMIELIES VOORBEELD)

		ha - 10,4%(+1/2 pyplyn)	Prys -10% (Huidig)	Prys - 20% (Huidig)
Safex Prys begin	R / Ton	R4 060	R4 060	R4 060
Safex Prys Sluit	R / Ton	R5 526	R3 654	R3 248
Produksie	Ton	≥7,09 Mil	>7.91 Mil	>7.91 Mil
Variasie marge	R / Ton	R1 466	-R406	-R812
Aanvangsmarge	R / Ton	-R420	-R420	-R420
Min Kontantvloei benodig (Totaal)		-R2 773 478	-R6 087 620	-R9 079 840
Net Posisie	R / ton	R1 466	-R406	-R812
Net Posisie	1000ha	R9 680 760	-R2 992 220	-R5 984 440

Beskrywing

Aanvangsmarge

- R42 000 per 100 ton kontrak
- R420/ ton

Aanname:

- Die prysbeweging sal nie moontlik wees as daar nie 10.4% minder produksie is nie. Die verlaging in produksie kan afhangend wees van slegs die aanplant van hoë potensiaal lande of die impak van 'n El-Nino.
- Prys bewegings in scenario's is gekoppel aan produksievlakke, alhoewel baie ander faktore prys beweging kan beïnvloed
- Kontantvloei benodig vir aanvangsmarge op 1000ha - R3.095 mil.
- Neem in ag omdat dit 'n spekulatiewe posisie is gaan finansierders dit nie noodwendig finansier nie.
- Die variasie marge (wins/verlies) hang grootliks af van die daaglikse prys beweging en beïnvloed kontantvloei benodighede oor die termyn.



MIELIES VS SOMERGEWASSE

Oostelike Hoëveld

Mieliewinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Sorghumwinsgewendheid



Noordwes Vrystaat

Mieliewinsgewendheid (Hoër opbrengs)



Mieliewinsgewendheid (Gemiddelde opbrengs)



Sonneblomwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Grondbonewinsgewendheid



Alle grafieke is gebaseer op die vyfjaargemiddelde opbrengs per provinsie.



Noordwes

Mieliewinsgewendheid



Sorghumwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Sonneblomwinsgewendheid



Grondboonwinsgewendheid



Alle grafieke is gebaseer op die vyfjaargemiddelde opbrengs per provinsie.

Oos Vrystaat

Mieliewinsgewendheid



Sonneblomwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Limpopo

Mieliewinsgewendheid



Sonneblomwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Sorghumwinsgewendheid



Alle grafieke is gebaseer op die vyfjaargemiddelde opbrengs per provinsie.



Noord-Kaap Besproeiing

Mieliewinsgewendheid



Sojabonewinsgewendheid



Grondboonwinsgewendheid



Alle grafieke is gebaseer op die vyfjaargemiddelde opbrengs per provinsie.

7 Oktober 2026

Klik op die onderstaande skakels om toegang te verkry tot die verskillende verslae wat op die Graan SA-webtuiste beskikbaar is.

[GSA Markverslae](#)



[Maximising maize profitability with VRA: insights from DIFM trials](#)



[GSA Produksieverslae](#)



[Hoë insetpryse – wees voorbereid en bestuur dit self](#)



[GSA Insetverslae](#)



[Riglyne om deur 'n unieke en uitdagende tyd te beweeg](#)





TOTALE MIELIE SCENARIO!

DROOGTE-IMPAK

Vraag en Aanbod impak van moontlike El Niño

Die risiko en impak van 'n El-Nino is ook meer bedeiend as normaal, weens die hoë oordrag voorraad. Wat moontlik kan lei tot 'n scenario waar lae pryse en lae opbrengs ervaar word. Onderstaande is scenarios wat die vraag en aanbod syfer aandui gegewe verlaging in produksie. Die eindvoorraad vlakke is in ag genome dat normale uitvoere wel ook plaasvind.

Scenario	Historiese verwysing	Reënval (Okt-Mrt)	Januarie grondvog	Afwyking teenoor 5-jaar gemiddeld
Matige El Niño	2015/16	350–450 mm	70–100 mm	-20%
Sterk El Niño	1982/83	250–350 mm	40–70 mm	-35%
Uiterste droogte	1991/92	<300 mm	<40 mm	-50%

Produksie (5jaar gem)	15 600 000		
Vraag + Totale uitvoere (5 jaar gem)	15 300 000		
Vraag + Buurland uitvoere	13 450 000		
	Produksie Ton (-20%)	Produksie Ton (-35%)	Produksie Ton (-40%)
Begin voorraad (NAMC)	4 096 395	4 096 396	4 096 397
Produksie	12 480 000	10 000 000	9 200 000
Vraag	15 300 000	13 450 000	13 450 000
Eindvoorraad	1 276 395	646 396	- 153 603
	Nader na Uitvoer Pariteit Prys	Nader na Invoer pariteit	Invoer pariteit

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.